VOORSITTER se verslag

Johann Rupert
Voorsitter

Inleiding

Terwyl ek terugdink oor die afgelope jaar word ek steeds herinner aan die verwoesting van die Covid-19-pandemie, die erge gevolge daarvan vir 'n land wat reeds baie uitdagings die hoof moes bied, met swak ekonomiese realiteite voor die aanslag van die krisis. Terselfdertyd is ek trots op die veerkragtigheid wat ons besigheid getoon het in die tye van swaarkry en ons vermoë om aan te pas om binne 'n Covid-19-konteks sake te bedryf, waaronder 'n aangepaste werkswyse en die implementering van 'n suksesvolle inentingsprogram. Dit was teen hierdie agtergrond dat ons die 2022-finansiële jaar met optimisme en moed begin het om voort te bou op hierdie voordele, met die oog daarop om ons vertoning tot voorpandemie-vlakke te herstel. Terwyl die eerste gedeelte van die jaar sy kwota probleme opgelewer het, in besonder die maatskaplike onrus in Julie, het die meeste van ons besighede se prestasie die voorpandemie-vlakke oorskry. Die Suid-Afrikaanse ekonomie het ook tekens van herstel begin toon nadat beperkings verslap is.

Op geen manier kon voorspel word dat ons in die tweede helfte van die jaar deur ongekende ekonomiese en geopolitieke onsekerheid gekonfronteer sou word nie, met die bedreiging van 'n potensiële wêreldwye resessies wat opdoem. Terwyl gevaarligte flikker ten opsigte van die stand van globale kapitaalmarkte en die impak daarvan op die Suid-Afrikaanse ekonomie, bly ons versigtig optimisties en fokus ons op dit wat binne ons beheer is om te verseker dat ons beleggings stewige balansstate het om sakevoortsetting te verseker, terwyl doeltreffendhede nagejaag word.

Teen hierdie agtergrond en verswakkende vooruitsigte is ek trots op die vordering wat Remgro gemaak het, soos aangetoon deur die herstel in verdienste tot voorpandemie-vlakke. Ek glo dat dit andermaal 'n bewys is van ons omsigtige bestuur, veerkragtige besighede en 'n sterk balansstaat.

In ooreenstemming met lank bestaande beginsels van etiese gedrag en Remgro se duidelike doelwit "*om die toekoms te help vorm en 'n vennoot in welvaart vir Suid-Afrika te wees*", is dit belangrik om hier te herhaal dat ek vasbeslote is dat dit Remgro se doel moet wees om sy bates te bestuur en beleggings te soek in besighede wat, naas hul finansiële opbrengste, 'n meetbare positiewe impak op maatskaplike en omgewingskwessies het.

Remgro bly verbind tot sy korporatiewe burgerskapsmandaat en waardegedrewe etos, en dit word weerspieël in ons gemelde planne om toenemende klem te plaas op omgewings-, maatskaplike en bestuurspraktyke (ESG) regdeur die maatskappy, asook by die onderliggende beleggings, soos in my laaste verslag genoem. Ek is verheug dat Remgro homself verder verbind het tot die ontwikkeling van 'n benadering tot ESG-kwessies, waar klem daarop geplaas word om volhoubaar sake te doen en seker te maak dat die benadering in ooreenstemming is met en stewig vasgelê is

in ons sakestrategie. Met inagneming dat dit 'n komplekse en waaisand-omgewing is waarin ons ons begewe, is ons benadering op die volhoubaarheidsreis 'n ambisieuse, holistiese, maar tog weldeurdagte een. Ons glo dat dit ons in staat sal stel om beter te reageer op die geleenthede en uitdagings wat na vore kom namate ons strategie ontwikkel. Ons streef daarna om deur voorbeeld te lei in ons eie bedrywighede, maar sal ook ten nouste met beleggings-maatskappye saamwerk ten einde hul rentmeesterskap van hierdie prosesse oor hul eie waardekettings heen te bevorder. Saam sal ons benadering tot volhoubaarheid meer samewerkende en volhoubare waarde skep in al die gemeenskappe waar Remgro en sy onderliggende beleggings 'n sigbare teenwoordigheid het. Meer besonderhede hieroor kan gevind word in die ESG en volhoubaarheidsafdeling van die geïntegreerde jaarverslag, asook in die volhoubaarheidsverslag wat op Remgro se webwerf beskikbaar is.

Terwyl ons in 'n omgewing deurspek met eksterne skokke op 'n wêreldskaal besigheid doen, glo ek dat die veerkragtigheid van 'n besigheid nie alleen daarin geleë is om deur moeilike omstandighede te kom nie, maar om daarby aan te pas en suksesvol te wees. Ek is vol vertroue in Remgro se vermoë om by veranderende markte aan te pas, soos wat hy dit die afgelope 74 jaar van sy ryke geskiedenis suksesvol gedoen het, en volhoubare waarde vir belanghebbendes, in ooreenstemming met ons doelwit en visie, te skep.

Finansiële vertoning

Vir die jaar onder oorsig het wesensverdienste met 125.1%, vanaf R2 885 miljoen tot R6 494 miljoen toegeneem, terwyl wesensverdienste per aandeel (WVPA) met 125.3%, vanaf 510.6 sent tot 1 150.6 sent, toegeneem het. Die wesensverdienste vir die vergelykende jaar tot 30 Junie 2021 is wesentlik beïnvloed deur die Covid-19-pandemie en die gevolglike inperkingsmaatreëls. Die toename, vanaf hierdie lae basis, in wesensverdienste is hoofsaaklik meegebring deur die herstel van die verdienste van die meeste van Remgro se onderliggende beleggings, in die besonder dié van Mediclinic International plc (Mediclinic), TotalEnergies Marketing South Africa Eiendoms Beperk (TotalEnergies), Kagiso Tiso Holdings Eiendoms Beperk, Grindrod Beperk, Grindrod Shipping Holdings Beperk, FirstRand Beperk en Distell Group Holdings Beperk. Mediclinic se bydrae in die vergelykende jaar (vir sy resultate vir die jaar geëindig 31 Maart 2021) sluit die volle impak van die Covid-19-verwante inperkingsmaatreëls gedurende die eerste en tweede vlae van die pandemie in. Gedurende die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2022 het Mediclinic egter, veral danksy verhoogde pasiëntbedrywighede, 'n stewige bedryfs- en finansiële vertoning gelewer en sodoende sy bydrae tot Remgro se wesensverdienste aansienlik verhoog. Die resultate vir die jaar onder oorsig is ook positief beïnvloed deur TotalEnergies se gunstige voorraadherwaardasies, Community Investment Ventures Holdings Eiendoms Beperk se ommekeer na winsgewendheid en laer finansieringskoste vanweë die aflossing van die omruilbare skuldbriewe gedurende Maart 2021.

Dividend

Die raad het 'n finale dividend van 100 sent (2021: 60 sent) per aandeel goedgekeur. Die totale gewone dividend per aandeel vir die jaar tot 30 Junie 2022 bedra dus 150 sent (2021: 90 sent).

Korporatiewe bestuur en volhoubaarheid

Soos hierbo genoem, is Remgro ten volle daartoe verbind om sy besigheid op 'n volhoubare wyse te bestuur en die hoogste standaarde van etiek en korporatiewe bestuurspraktyke na te streef. Die direksie is uiteindelik aanspreeklik vir die vertoning van die maatskappy, met begrip daarvoor dat strategie, risiko, prestasie en volhoubaarheid onskeibaar is.

Ons bestuursraamwerk is op die beginsels van die King IV Verslag oor Korporatiewe Bestuur vir Suid-Afrika (2016) gegrond en ons is tevrede dat die maatskappy daardie beginsels gedurende die jaar onder oorsig toegepas het. Ons glo ook dat die huidige lede van die raad gesamentlik oor genoegsame vaardighede, ervaring en diversiteit beskik om hul verantwoordelikhede na te kom, die groep se doelwitte te bereik en volhoubare waarde vir belanghebbendes oor die lang termyn te skep.

Veranderinge in die direksie

Daar was geen verandering aan die direksie in die jaar onder oorsig nie. Mnr F Robertson is as lid van die beleggingskomitee aangestel, met ingang van 21 September 2021. Mnr P J Neethling is as alternatiewe lid vir myself op die beleggingskomitee aangestel, met ingang van 23 Maart 2022.

Ten slotte

Die toekoms bly onseker en die negatiewe impak van die Covid-19-pandemie word steeds gevoel ofskoon die opheffing van die ramptoestand en die verslapping van alle beperkings ons hoop gee dat die virus inderdaad ontwikkel het tot 'n endemiese siekte. Die onsekerheid word verder vererger deur heersende globale ekonomiese druk, vernaamlik die toenemende risiko van stagflasie. Die Oekraïniese krisis dra by tot bykomende onstabiliteit namate ons meer ontwrigtings van die globale verskaffingsketting sien. Plaaslik het die tekorte ten opsigte van elektrisiteitsvoorsiening 'n stremmende effek op ekonomiese groeivooruitsigte. Saamgevoeg met hoë inflasie en vlakke van werkloosheid is dit 'n bron van groot kommer.

Ek is nietemin bemoedig deur Remgro se stewige vertoning en herstel tot voorpandemie-vlakke. Dit bevestig die veerkragtigheid van ons portefeulje en bewys dat ons omsigtige kapitaaltoewysingstrategie, gesonde balansstaatbestuur en bestendige kontantgenerering ons in 'n goeie posisie plaas om, soos dit voel, 'n reeks nimmereindigende ekonomiese skokke te trotseer.

Terwyl die vooruitsigte vir die globale en plaaslike ekonomie 'n bron van groot kommer is, bly ek versigtig optimisties oor die groeivooruitsigte in ons ekonomie. Ek vind gerusstelling in die onwrikbare verbintenis van Suid-Afrikaanse besighede, maatskaplike vennote en die breë samelewing om ons deur hierdie uitdagende tye te dra. By Remgro bly ons daartoe verbind om ons rol te speel om 'n beter toekoms vir ons land en al sy mense te help bewerkstellig.

Ons gaan voort om ons aandeelhouers te bedank vir hul vertroue te midde van al die ekonomiese en geopolitieke onsekerhede en bedank ook al ons werknemers en kollegas in die onderliggende beleggings dat hulle andermaal 'n suksesvolle jaar moontlik gemaak het.

Ons mense het ongelooflike betrokkenheid en toewyding in hierdie onstuimige tye getoon en het baie opofferinge gemaak, waarvoor ons opreg dankbaar is.

Johann Rupert
Voorsitter

Stellenbosch
26 September 2022